MARKUS

Francis Chan

moreleta kerk

Maart met Markus | 2 April 2023 | kringe@moreleta.co.za

Inleiding

Die lewe is vol storms ek en jy het al so gewoond geraak aan die storms. Ons wêreld, ons eie land word nie gespaar nie en baie van ons sukkel ook met persoonlike en familie storms.
Terwyl my en jou bootjie in rowwe waters is, het ons as kinders die wete dat Jesus saam met ons in ons bootjie is. Hy het die krag om 'n Woord te spreek en die storms en wind bedaar. Nooi Hom in jou bootjie in.
Volg op - met almal se 'I will statements' van laasweek.

Wenke vir leier

Moedig Kringlede aan om oor die storms in hulle lewens te praat.
Wees versigtig om 'goedkoop' antwoorde te gee.
Bid opreg dat die storms sal bedaar.

Lees saam

Markus 4
Jesus kalmeer die storm
35Teen die aand sê Jesus vir sy dissipels: “Kom ons vaar oorkant toe.” **36**Hulle het die skare toe agtergelaat en Jesus – Hy was immers alreeds in die skuit – sommer net so saamgeneem (alhoewel daar ander skuite agternagekom het). **37**Daar het ’n hewige stormwind opgekom. Groot golwe het teen die skuit gebreek, met die gevolg dat dit alreeds vol water begin word het. **38**Jesus het agter in die skuit gelê en slaap met sy kop op ’n kussing. Sy dissipels maak Hom toe wakker en sê vir Hom: “Leermeester, gee U nie om dat ons besig is om te vergaan nie?” **39**Jesus het opgestaan, die stormwind ernstig aangespreek en vir die see gesê: “Bedaar! Word kalm!” Toe het die wind gaan lê en daar het ’n groot rustigheid gekom. **40**Hy vra toe vir hulle: “Hoekom is julle so verskrik? Vertrou julle My nog steeds nie?” **41**Hulle was heeltemal oorweldig en het vir mekaar gesê: “Wie is Hy werklik? Selfs die wind en die see luister na Hom!”

Gesels saam

Skrifgedeelte word bespreek deur die volgende 2 vrae te vra:

1. Wat leer ons oor God (Vader, Seun of Heilige Gees) uit hierdie gedeelte?
2. Wat leer ons oor onsself of mense in die algemeen in hierdie gedeelte?

Leer meer / kyk weer

Markus materiaal

Kliek hier om weer te kyk.

Doen saam

Wat sê die Woord moet ek gaan doen?
Hierdie gedeelte is waar die hele proses van dissipelskap en dissipelmaking staan of val. Hier beweeg ons van dit wat ons in die Woord ontdek het, na gehoorsaamheid aan Hom.

- Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)
- Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

I Will Statement:

_____
_____

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035